191. T. 1 (14)

**DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH**
(Departement van Geskiedenis)
Pectora roborant cultus recti
STELLENBOSCH,

(Streekraad)

# Huldiging, Dr. D. F. Malan, naby Caledon, 15 Mei 1954.

I <u>Geleentheid</u> — Huldiging. Vir ons 'n voorreg.
Ons huldig hom omdat ons in hom die simbool sien van die Stryd van die Afrikaner.

II <u>Kultureel</u>. Uit ons eie midde. Uit 'n Afrikaner huisgesin. Self vader van 'n Afr. ~~huisgesin~~. Liefde vir eie bodem; liefde vir eie volk. Stryd vir eie taal: 1925 – wetsontwerp deur Unie-parl. deur dr. D. F. M. geloods waardeur Afr. amptelike erkenning gekry het. Midde in ons stryd op kulturele gebied gestaan; het dit vir ons help stry.

III <u>Staatkundig</u>. Gewy vir die politieke welsyn van ons volk. Toe nasionalisme 1912-1914 ontwaak het en klein Gideonsbende na vore getree het om vir die saak van 'n jong, maar vurige, Afrikaanse ~~nasionalisme~~ te veg, was hy een van hulle. In 1914 vryheid gaan vra vir genl. De Wet en ander ~~Afr.~~ martelare van die Afr. se vryheidsideaal; in 1918 vryheid gaan vra vir ~~die~~ die Afr. in die raadkamers van Europa. Saam in eerste groot ~~oorwinning~~ van Nas. Afrikanerdom in 1924; ~~omdat~~ daarna meer as 20 jaar in die woestyn waar hy saam met sy volk gely het. Maar toe, nie net saam met sy volk in oorwinning nie; hy staan aan spits daarvan. Ons

belewe vandag die politieke seëpraal van die Afrikanerdom — hy het ons daartoe gelei.

IV Godsdienstig. Stryd van die Afrikaner vir sy kerk en sy godsdiens. Self uit die Hugenote-geslag — in afstamming byna deurgaans Hugenote-bloed. In 'n huis opgegroei waar die Here met liefde en sorg gedien is. Het u self vir die diens van die Here voorberei. Het self in die bediening gestaan en die Woord van die Here verkondig. En al het u later uit die praktiese bediening getree om u volk te lei, het u nog steeds met woord en daad diep-godsdienstige Afrikaner gebly.

V Samevatting. U kom op die groot gebiede van die lewe — kultuur, staatkunde, godsdiens — die stryd van die Afrikaner stryd. ~~omdat~~ u self so intiens deur die groot ideale van die Afrikaner besiel was. In u het uitdrukking gevind dit wat vir die Afrikaner skoon en heilig was. Ons dank die Here dat u vir ons gespaar gebly het; ons dank die Here dat u nie net die stryd van die Afrikaner gelei het nie, maar dat dit u ook gegun was, en ons saam met u, om ook die oorwinning van die Afrikaner te belewe.

Die A.B. wens u Gods rykste seën op u aanstaande verjaarsdag toe. Die A.B. voel saam met u in die dae van beproewing vanweë die siekte van u eggenote. Die A.B. bid dat sy volkome herstel mag word; die A.B. wens vir u en vir ~~haar~~ krag en gesondheid toe. Mag u nog lank vir ons gespaar bly;

DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
(DEPARTEMENT VAN GESKIEDENIS)

Pectora roborant cultus recti

STELLENBOSCH,

u is 'n gawe van God aan ons volk. Dit is vir ons 'n eer en voorreg om u hier in ons besitting te hê; u sal tot in lengte van dae vir ons 'n besieling bly.

---

Simbool van die groot ideale van ons volk:—

I Kultureel.
Godsdienstig.
II Staatkundig.
III Naastediens ~~Godsdienstig~~.
IV Beeld.

Slot.